Newsletter

September 2011

your mission our passion

Cell
082 777 3909

Fax
086 544 3814

E-mail
beyers@go-ministries.com

Website
www.go-ministries.com

Banking Details
Account Name: Go
Bank: Absa Savings Account
Account Number: 268 305 440

Ps. 65:7
"Deur u krag is die berge gevorm; Uself is met mag omgord"

Weereens het die Here ons kom verras toe die deure nog verder vir ons in Friemersheim oopgegaan het en ons neergesit is net soos die Psalm sê: "*waar die berge gevorm is*"

Einde Augustus het ons gesin na 'n plasie by Friemersheim verhuis.

Dit was groot gewerskaf om al die voorbereidings te doen ,en 'n trek self is mos altyd 'n groot affêre. Ons het genadiglik ingetrek en reeds Saterdag 10 September ons eerste kinder uitreik hier gehad. Aan die einde van die brief meer hieroor.

Elsabè Cloete het die volgende artikel vir ons gemeente se kwartaalblad geskryf rondom Friemersheim en ons bediening wat ons graag met julle wil deel.

Empowering Christians for Mission . . .

FRIEMERSHEIM

As mens luister na liedjies tye van oorlog, hoor mens die soeke in die mens se hart na ‘n leier. ‘n Behoefte aan iemand wat die groep kan help met rigting en orde. Mense soek inherent na iemand wat ‘n hoop-tonnel dwarsdeur ‘n probleem kan boor tot aan die ander kant waar gemak, voorspoed en vrede herstel is. In oorlogs tye is so ‘n leier die generaal maar in ‘n tyd van vrede, is dit ‘n mentor wat rigting help gee sodat mense hulle potensiaal kan verwesenlik.

Eendag lank, lank gelede was daar so ‘n mentor. Sy naam was Eerwaarde Johann Kertzen. Eerwaarde Johann, ‘n man met ‘n hart vir die Here se mense, het in ‘n piepklein dorpie in die Rynvallei in Duitsland gewoon. As mens van Kaiserslautern die pad noord, op pad na Mainz kies, sou mens by Eerwaarde Johann uitkom, waar hy in Friemersheim, ‘n klooster dorpie, gewoon het.

Eerwaarde Johann se begeerte was om ‘n verskil aan hierdie wêreld van ons te maak. Min het hy geweet van die uitdaging wat op hom gewag het! In 1854 het sy tipiese Duitse daaglikse (effens vervelige) bestaan oornag verander toe die NG kerk in George (ja Suid Afrika se George!) hom beroep het om sendingwerk te kom doen. Die gebied van Knysna tot in Herbertsdale het op sy skouers geval.

In sy daaglikse stoei met die uitdagings van die wilde suide, het Eerwaarde Johann op die plaas *Gonnakraal*, (so omtrent 15km noordwes van Groot-Brakrivier, op koers Wolwedans dam se kant toe) afgekom. Hy’t opsluit die plaas vir sy suster gekoop met die ooreenkoms dat hy maandeliks dit as ‘n basis vir kerkdienste kon gebruik. Toe sy suster jare later oorlede is, het Eerwaarde Johann geweet dat die kerkgemeenskap moes bly! Hy het die plaas oorgedra aan die Binnelandse Sendingkommissie.

Om die heimwee na sy eie land so bietjie te stil het die eerwaarde die plaas herdoop na sy geboortedorp: Friemersheim. Tot op die ryp ouderdom van 86 het Eerwaarde Johann gewoeker met sy hart vir die Here en die evangelie tussen die mense geleef. Hy was nie hulle heerser nie, hy was hulle mentor.

Eerwaarde Johann het hulle gehelp om ‘n gemeenskap, wat geskoei was op selfvoorsiening, liefde en respek vir mekaar, te vestig. Eie aan ‘n kerkgemeenskap van die tyd, was daar streng dorp reëls wat gegeld het soos byvoorbeeld dat drank en ‘n lawaai op straat verbode was. Oortreders is summier uit die dorp gesit!

Maar dit was alles lank terug. En soos dit met alle dinge op hierdie ou aarde gaan, het tye en reëls en mense verander. Die genot van moderne tye het oordadige ploeg merke deur Friemersheim se mense gemaak. Sjebiens, waar drank en dagga aan die orde van die dag was, het begin kompeteer vir die aandag van die eens-almal kerkmense. Respek vir die medemens het tussen die murasies van die vorige generasie begin wegglip.

Die eens vrede volle dorpie klink dikwels soos ‘n merrie-go-round van doef-doef musiek wat g’n siel ontsien nie. Misbruik van drank het werkloosheid en armoede saamgesleep. Wie wil immers groente plant en koeie melk met ‘n babalas-kop? Die eens voorspoedige, self-onderhoudende gemeenskap het net nog ‘n armoedige plekkie in Suid Afrika geraak.

Maar nie alles is verlore nie! Want Friemersheim se mense is immers manne en vroue van talent. Hulle is mense wat verstaan hoe om naby die grond te lewe. Daar is nog ‘n paar siele oor wat soggens en saans die dorp se koeie melk, ander wat koffiepitte brand of yummy gemmerbier maak. Daar is ook nog diegene wat bo-baas roosterkoeke en potbrode bak. En moenie vergeet van die anties wat makataan-jam inlê, en die heerlikste bonesop, gebakte pampoen en brijani kan maak nie! Dan is daar ook die Volkwyn familie wat die kuns van Swart-, Geel-, en Oregon pine hout verstaan om besonderse houtmeubels van te maak.

Friemersheim het weer vir Eerwaarde Johann nodig om hulle te help om weer rigting te kry. Natuurlik het die man al baie dekades terug die tydige met die ewige verwissel. So, eintlik het Friemersheim net weer ‘n mentor nodig om hulle te help met die uitdagings van die moderne tyd, sodat hulle weer ‘n self voorsienende gemeenskap kan raak wat met liefde en respek ‘n verskil aan hierdie wêreld van ons kan maak.

Soos die Here baie jare gelede hierdie gemeenskap op die hart van ‘n man gelê het, het Hy dit nou weer gedoen. Hierdie keer het Hy ‘n hele groepie mense se harte vasgegryp, o.a. Go-bediening, YWAM, pastoor Leon Prinsloo en die VGK kerk, wat al ‘n geruime tyd met sendingwerk in Friemersheim besig is. Beyers Brink (Go-bediening) sê dat hulle hier op Friemersheim die verlorenheid sowel as die talente kom raakloop het. Tydens hierdie stap met Friemersheim se mense het Beyers en sy gesin besluit om die uitdaging, wat God op sy hart gelê het, te aanvaar. Hy en sy gesin het einde Augustus verhuis na ‘n 9 ha plasie by Friemersheim. Hulle het soveel planne om hierdie mense te bemagtig vir hulle eie toekoms!

Friemersheim is ideaal geleë vir die ontwikkeling van buitelewe-aktiwiteite soos stap en bergfiets roetes. Omdat die vriendelike gemeenskap aardse mense is wat die veld ken, sal hulle uitstekende omgewings gidse uitmaak.

Die vrugbare landbougrond in Friemersheim bied ‘n hele aantal geleenthede soos tonnel boerdery, groente verbouing en die kweek van fynbos en proteas.

En dan is een van die tradisionele talente van Friemersheim natuurlik hulle fynproewer-tradisionele kookkuns! Die anties van die dorp het die kook gees binne-in hulle om dag- sowel as oorbly-toeriste in vervoering te hê. Dink maar bietjie aan ‘n paar ander piepklein Suid Afrikaanse dorpies, wat heel bo aan die binnelandse toerisme lysie lê soos Darling, Clarens en Pelgrimsrus. Almal klein gemeenskappe wat iets unieks vir die toeris se siel offer.

Friemersheim het egter meer nodig as ‘n klomp toeriste om op hulle toe te sak. Baie van hulle het nodig om weer van voor af te leer om ‘n pad met Jesus te stap. Friemersheim het nie nog ‘n preekstoel nodig nie, hulle het iemand met ‘n hart nodig.

Beyers en sy gesin gaan met die genade van die Here en in samewerking met die ander organisasies, hierdie mense weer leer om vandag se geleenthede te gryp sodat hulle nie net kos het om te eet nie, maar dat hulle ook ‘n hoopvolle toekoms kan hê met vrede en vreugde in hulle harte.

Elsabè Coetzee

<u>Nation 2 Nations</u>

Met die Nation 2 Nation konferensie wat vanaf 16 – 19 Augustus in Mosselbaai plaasgevind het, het **GO** gehelp met die fasilitering van die praktiese uitreik.
’n Span van Noord Ierland het gehelp om vir ’n invalide (Awie) in Wolwedans ’n paadjie vir sy rolstoel te bou en die huis is ook buite geverf.
Baie dankie ook vir **Masshire** wat vir ons toerusting beskikbaar gestel het.
Die opgradering en hulp het vir Awie sommer weer opnuut gemotiveer sodat hy ’n tuin aangelê het en sy huis ook binne begin opknap het.

Kinder Uitreik

Soos vroeër vermeld het ons ’n uitreik op Saterdag 10 September in Friemersheim gehad.

15 Volwassenes en 20 kinders van Mosselbaai omgewing het die groepie kinders van Michael en Karen se sopkombuis besoek.

Almal het lekker saam gespeel en geëet. Daar is ook speelgoed, klere en kos vir die projek geskenk. Een van die kinders wat besoek kom aflê het, het met die kinders ook geestelike brood gebreek. Dankie Jean Pierre.

Dankie Attie en Suzette vir jul hulp, entoesiasme en inisiatief. Dankie ook aan almal wat deelgeneem het en bydraes gelewer het!

Daar word beplan om weer so ’n geleentheid op die **22 ste Oktober** te hou. Die hele idee is om verhouding te bou en meer op ’n persoonlike vlak die kinders te bedien en te dissipel.

your mission our passion

Indien jy deel wil wees van enige uitreik of van hierdie projekte wil ondersteun is jy baie welkom ons te kontak.

Baie seën en groete

Beyers, Christelle, Diaan, Hanrè en Zanè